

BEROEPENUUS—9 Mrt. 2014
Beroepe ontvang-
Ds. J.L. Lee van Bothaville na Worcester

Ds. Kruger van Niekerk emeritus predikant van Wonderboom-Suid is op 2 Maart 2014 oorlede. Sy geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebied.

Calvyn en die Christelike feesdae – Ds. C Kleijn– vervolg van verlede week Gevolgtrekkings

Hoewel dit lyk asof Calvyn oor die algemeen die afskaffing van die feesdae verkies het, kan 'n mens nie stel dat hy in 'n streng sin 'n teenstander was van feesdae waarin die heilsfeite herdenk word nie. Sy voorkeur staan teen die agtergrond van die situasie van daardie tyd. Calvyn was ook bereid om hom te skik na die orde wat in Genève bestaan het, solank hy vry was om teen die bygeloof en afgodery waarmee die dae dikwels gevier is, op te tree. Calvyn sou die Kersfees nie afgeskaf het nie.

Dat die besnydenis van Christus wel gevier is en nie die sterfdag van Christus nie, het hy 'n saak van onkunde beskou. Met Pasker en Pinkster het hy steeds sy vervolgstof onderbreek en oor die heilsfeite wat op die dae herdenk word, gepreek. Calvyn het ons opnuut geleer om die kwessie van feesdae nie tot 'n beginselkwessie te maak nie. Daardeur sou ons op grond van 'n ondergeskikte punt die eenheid van die liggaam van Christus verskeur. Calvyn skryf dat hy nie graag die kerke wil veroordeel wat ander plegtige dae vir hulle samekoms het nie, so lank as wat hulle hulle van bygeloof onthou. Dit stem ooreen met die bepaling van art 47 van die Kerkorde: “Die buitelandse kerke sal nie op grond van ondergeskikte punte van kerkorde en kerklike praktyk veroordeel word nie.” Daarom het ons ook geen enkele probleem om sekere Presbiteriaanse kerke, wat ten opsigte van die feesdae 'n ander praktyk as ons het, as ware kerke van Christus te erken nie. Vergelyk wat Paulus in Kolossense 2:16 skryf: “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie”.

Ons ken geen heilige dae nie, behalwe die Sondag, die weeklikse rusdag wat deur God ingestel is. Dis die feesdag van die kerk. Laat ons dit goed bewaak en dit as ons feesdag by uitstek bly vier. Met die Reformatore kan ons sê dat geen mens, geen burgerlike en geen kerklike owerheid die reg het om die werk te verbied op dae waarop God dit veroorloof het nie. Indien ons buite die Sondag sekere Christelike feesdae wil onderhou, laat ons dan met mening waak teen 'n verheffing van die feesdag bo die Sondag en teen die verheerliking van die mens. Dit moet dan altyd tot eer van God wees en tot opbou van sy kerk. *Word vervolg*

13/03– Piet Oosthuizen 0827858466	14/03– Chantelle Olivier 0828229430
13/03– Jantje (Arian) Plomp 0834685214	14/03– Hannie Vorster 0723659195
13/03– Barry Saayman 0832351387	15/03– Heinrich Venter 0736620067
14/03– Alet Nienaber 0767921657	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

**Baie geluk met
u verjaarsdag**

Dit help nie om in die dooie kole te blaas nie. Jy blaas hulle nog kouer en jou oë vol as
– CJ Langenhoven

Die Krugertjie



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

09 Maart 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: 1 Samuel 24; Psalm 141

Teks: Psalm 141:3

Sing: Ps. 118:12; Ps. 119:22,23;

Ps. 118:4; Ps. 146:2,8

JOU GEDAGTETUIN

Daar rus 'n geweldige verantwoordelikheid op 'n mens om jou gedagtes in orde te kry. Om te dink oor die dinge waarvoor ek so dikwels dink.

Al die dinge wat ek toelaat om lêplek in my gedagtes te kry word al meer die dinge wat hulle woonplek in jou lewe maak. As ekself die tuinier van my eie gedagtetuin is, dan het ek die verantwoordelikheid om die verkeerde plante, die onkruid in hierdie tuin uit te ruk, en om dan eerder 'n nuwe soort plant in jou gedagtes in te plant.

KATKISASIE— Katkisasie gaan normaal voort

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)

Skriflesing: Markus 2:23-3-6

Kategismus: Sondag 38

Sing: Ps. 84:1; Ps. 46:1; Ps. 92:1,7

WAAROM SONDAG?

Ons kan ons belydenis laat weergalm op die dag wat aan die Here behoort.

Kom ons na die volgende sake

rondom die 4de gebod kyk.

Waarom Sondag?

Wat beteken Sondag?

Hoe moet ek Sondag vier?

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 6 en 7

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico v/d Dussen

Diakens: Alwyn Wolmarans

Volgende Sondag (09/03) – Wyke 10 en 11

Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis

Diakens: Nico Venter en Stephan du Plessis

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Ds. Andries Mulder wat vroeg in die maand weer geopereer sou word, het die internis daarteen besluit voordat daar nie verbetering en versterking in sy hart–long en suiker toestand intree nie. Ons dink aan hom en sr Henta en dat die verlangde en nodige operasie dan tog wel later sal kan plaasvind. Hy ondervind baie pyn en ongemak in sy regterbeen. **Sr Ciska Oden-daal** van Hibiskus wyk se gesondheid het baie agteruitgegaan. Sy word opgeneem vir verdere toetse en ondersoek. Ons gebed is dat sy hierin gehelp mag word. **Br Dries de Ridder** se gesondheid wat groot terugslae gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. Voortdurende behandeling is nodig. Ons bid ook vir sr Alta krag en genade toe om hom so te bystaan. **Sr Muriel Erasmus** wat terugslag in haar gesondheid gehad word in ons gebede vasgehou. Ons is dankbaar vir die merkbare verbetering. **Br Kallie Tromp** is 'n gedeelte van sy groottoon geamputeer. Ons vertrou dat dit nou mag genees en geen verdere ingrype nodig sal wees nie. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig–kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. 'n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Sustentasie
2de diens	DVB	Intand- houding
16/03/2014 1ste diens	DVB	Ekumenisiteit
2de diens	DVB	Intand- houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
11/03	Finans– en Adviesverg
13/03	Kerkraadsverg
28/03	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn. Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

HARTKLOP-FEES

Dit vind DV op 15 Maart 2014 (komende Saterdag) plaas, ten bate van die Pres Kruger Kinderhuis. Alle inligting is op kennisgewingbord. Kaartjie is by *itickets* beskikbaar. U kan ook met sr Retha v/d Merwe hieroor praat. Ons kan in hierdie kinders se lewens 'n verskil maak!

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 12

12:3-5, gelees – Jesus beroep Hom op die Ou Testament: Dawid en sy manskappe het in nood en terwyl hulle op vlug was in diens van die HERE, van die toonbrode in die Tabernakel geëet. Dit was net vir die priesters bedoel. Die Jode verstaan nie die **gees van die wette oor die Sabbat** nie.

Die priesters op die Sabbat – Hierdie bedienaars, deur God Self aangestel, was beveel om te werk op die Sabbat (Lev 24:8; 1 Kron 9:32). **Onskuldig** – Die priesters se werk op die Sabbat is presies ook dit waarvan die Dissipels nou beskuldig word.

12:6-8, Een wat groter is – Nie net Jesus Self nie, maar die werk wat Hy kom doen het, staan bô die ou wette.

Wat dit beteken – God plaas die uitvoeren van ons *morele verpligtinge in Sy diens* hoër as uiterlike seremonies. Die Jode ignoreer die belangrike wat die Wet hulle moes leer.

Die Seun van die mens - 'n Messiaanse titel. Jesus is God . . . ook oor die Sabbat, wat deur die Jode 'n afgod gemaak is. Soos die tempel en sy diens groter as die Sabbatswet was, so is Jesus ook groter as selfs die tempel. Die Sabbat is minder as die mens want dit is ingestel ter wille van die mens. Volgens Gen 1:28 is die mens as heerser oor die skepping aangestel deur God . . . selfs oor die Sabbat, as deel van die dae wat hy van God ontvang.

12:9-10, sinagoge – *Hierdie sinagoge is waarskynlik dieselfde wat deur die Romeinse hoofman gebou is (9:18-26). In ongeveer 200 nC is op die plek weer 'n gebou opgerig, wat nou die naam dra van die "die sinagoge van Tell Hoem."* ['n **Tell** is die naam vir 'n ruïne-puin van 'n ou stad of geboue, wat gewoonlik deur die eeue selfs hele heuwels geword het.]

Hulle het Hom gevra - Hoewel sommige glo dat hierdie gebeurtenis nie direk op die vorige gevolg het nie, laat die voortgaande vraag oor die Sabbat dit tog klink asof dit dadelik gevolg het, op dieselfde dag.

Is dit geoorloof – Volgens die latere Jode se self-opgemaakte "Talmoed" kan daar in gevalle van lewensgevaar tog teen die Sabbarsgebod

ingegaan word. Dit is nie bekend of hierdie "reël" al in Jesus se tyd bestaan het nie.

Sou kan aanklae – Die Jode was toe reeds al op soek na iets om Jesus se werk te kortwiek.

12:11-13, Hy sê vir hulle – Jesus se antwoord is 'n beroep op die intellektuele en teoretiese algemene sin van oordeel oor gewone sake. In Mark 3 lees ons dat Hy die man in hulle midde laat opstaan het. Dit word gesien as 'n manier om die simpatie met die man deeglik te laat deurwerk.

Wat een skaap het – Die **een** skaap is soveel meer kosbaar vir die man in die vraag, as vir 'n mens wat honderde het. Hy sal baie goed sorg vir sy eiendom en hom selfs op die Sabbat uit 'n sloot red. Hierdie beeld spreek vanself van die liefde van Christus, die Goeie Herder, vir die skape van Sy kudde. Hierdie man met is veel meer werd as 'n skaap. Dit is vanselfsprekend reg om goed te doen op die Sabbat.

In Markus 3 lees ons van 'n besondere saak. Jesus het die Jode **toornig** aangekyk – toorn, oor hulle hardheid en liefdeloosheid, waarmee hulle die eenvoudiges in die volk intimideer het. Dan sê Markus daarby tog die volgende: Jesus was tegelykertyd ook **bedroef** oor hulle hardheid. Daarom genees Jesus dadelik, daar in die sinagoge en voor almal, die man met die verdorde hand..

12:14, ombring – Sover het die Joodse leiers se haat selfs byna aan die begin van Jesus se optrede al gegaan, dat hulle Sy moord beplan. Dit is haat aangeblaas deur Satan, wat desperaat was om Christus se werk te keer. Uit Markus hoor ons dat hulle selfs met hulle bittere teenstanders, die Herodiane, saamgesweer het. Laasgenoemdes was van die Sasuseërs, waarvan sommige uit die priestergeslag was. Hulle was groot liefhebbers van die Griekse kultuur.

12:15-16, bemerk – In Sy alwetendheid is Jesus bewus van die sameswering. Aangesien dit nog nie die tyd vir Sy lyding was nie, gaan Hy van daardie stad af weg. Om dié rede vermaan Jesus die mense om nie 'n sensasie van Sy dade te maak nie. Publisiteit sou Sy werk hinder.

12:17-21 - Watter werk ? Dit wat deur **Jesaja 42:1-4** geprofeteer is oor die Messias se werk. Hy sou die Evangelie van verlossing kom verkondig om oor die hele aarde te versprei.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

5 Mrt. 1865– Tibbie Steyn– egg van pres MT Steyn gebore; 6 Mrt. 1939– Lina Spies gebore; 7 Mrt. 1917- - Strywer WA de Klerk gebore ; 9 Mrt. 1816– Vyf veroordeeldes van Slachternek word opgehang; 10 Mrt. 1858– Brief van JJ Venter aan J van Andel waarin hy vra vir n leraar van gereformeerde oortuiging; 11 Mrt. 1926– Nicolaas J/v Rensburg (Siener van Rensburg) oorlede; 13 Mrt. 1888– De Beers diamantmaatskappy word gestig; 15 Mrt. 1810– Kmdt.-genl. Stephanus Schoeman word gebore; 16 Mrt. 1852– Potgieter en Pretorius versoen op Rustenburg; 17 Mrt. 1707– Willem Adriaan van der Stel uit die Kaap teruggevoer; 17 Mrt. 1820– Eerste Britse setlaars kom in die Kaap aan; 17 Mrt. 1890– Eerste spoorlyn word in ZAR geopen-verbindingtussen Jhb. En Boksburg; 17 Mrt. 1951– Die PU vir CHO kry volwaardige universiteitstatus; 20 Mrt. 1862– Eerste sinode van die GKSA in die Vrystaat-Reddersburg; 21 Mrt. 1858– Afskeid van ds. Dirk Postma van sy Nederlandse gemeente Zwolle ; 24 Mrt. 1880– Volksbyeenkoms op Kleinfontein; 25 Mrt. 1807– Slawehandel opgehef; 26 Mrt. 1858– Lasbrief aan ds. Postma uitgereik om na SA te vertrek; 27 Mrt. 1900– Genl. Piet Joubert oorlede;